

ES ARGIEF

Verw. PV 17

**INVENTARIS VAN DIE
MILLER, S-VERSAMELING (SCHOEMANSDAL)**

Saamgestel deur: P. Luus

Mei 2017

Pretoria

Voorwoord:

Sidney Miller was in die Môrester Juniorskool en daarna na Hoërskool Monument in Krugersdorp. Hy het in 1971 gematrikuleer en daarna siviele ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria studeer. Tussen 1978 en 1981 het hy as 'n assistent-ingenieur by die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste gewerk. Tussen 1981 en 1982 is hy as toesighoudende ingenieur by die firma *Strydom & Rouw* aangestel. Vanaf Augustus 1984 tot 1985 het hy as ingenieur vir *Bergman van der Merwe Hollingworth* gewerk. Miller het van 1986 tot 1989 by die Transvaalse Provinsiale Administrasie as tegnikus en later as museumgeesteswetenskaplike gewerk. In hierdie tydperk het hy by Schoemansdal betrokke geraak en is in 1989 as argeoloog daar aangestel. Hy was betrokke by opgrawings en die oprigting van die Schoemansdal Museum.

Hy het in 1987 ingeskryf om argeologie deur die Universiteit van Suid-Afrika te studeer. Tussen 1989 - 1991 het hy ook argitektuurbewaring by die Universiteit van die Witwatersrand studeer waar hy sy meestersgraad ontvang het. Hy het baie argeologiese ekskursies onderneem, onder andere na Venda. In 1988 het hy ook opmetings in die Krugerwildtuin gedoen. In 1989 het hy as 'n gespesialiseerde toergids gekwalifiseer met Schoemansdal Museum as sy belangstellingsonderwerp. Sedert 1974 het hy talle argeologiese terreine besoek en baie ondervinding opgedoen.

In 1989 is hy as die taksekretaris van die Dendrologiese Vereniging se Soutpansberg-tak aangewys. In 1990 het hy lid van die Omgewingsbewaring Sub-Komitee van die Soutpansberg Distrik Ontwikkelingsvereniging geword. Hy is vanaf 1996 'n lid van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Argeoloë.

Schoemansdal:

Schoemansdal was 'n nedersetting 16 km wes van Louis Trichardt (Makhado). Die nedersetting het ontstaan in die tyd van die Groot Trek, maar was na slegs dertig jaar verlate as gevolg van aanvalle deur Venda-krygers. Nadat die Republiek weer beheer van die gebied oorgeneem het, is Schoemansdal geïgnoreer en 'n nedersetting by Makhado gestig. As gevolg hiervan is Schoemansdal die enigste Voortrekker-nedersetting in Suid-Afrika wat nie in 'n moderne dorp ontwikkel het nie.

Aanvanklik het dit goed gegaan met die gemeenskap van Schoemansdal. 'n Kerk en 'n fort is gebou. Portugese handelaars het ook winkels geopen. Ivoorhandel het

geblom. Na 1855 het die dorp van 1 800 inwoners die versamelplek geword van al hoe meer bandelose ivoorjagters en handelaars. Wapensmokkelary was aan die orde van die dag en op een tydstip het 30 ton lood vir die maak van koeëls deur die dorp beweeg. Die Venda-krygers was nie gelukkig met die stand van sake nie en het die dorp op 15 Julie 1867 aangeval en dit aan die brand gestee. In die 1985 het die Transvaalse Provinsiale Museumdiens met die Schoemansdal-projek begin waar opgrawings en opmetings behartig is en die Schoemansdal Museum opgerig is.

Bronne:

- <https://af.wikipedia.org/wiki/Schoemansdal>
- <http://policyresearch.limpopo.gov.za/bitstream/handle/123456789/527/SCHOEMANSDAL%20ARCHAEOLOGICAL%20SITE.pdf?sequence=1>

Inhoudsopgawe

Bl

1. Agtergrond inligtingstukke	1
2. Publikasies	2
3. Allerei	3
4. Foto's	3
5. Kaarte en Planne	3